# 19 Julie 2023 - Lesing 77 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***
Rede vir die ontstaan van die skepping **–** 3/7/58
DEEL 2

**NO: 7158** (vervolg) **E**n hierdie geestelike gebeurtenis (die in duisternis stort van die wesens), wat slegs vir julle mense in breë trekke verklaar kan word, was aanleidend tot die ontstaan van eindelose skeppinge van geestelike en materiële aard. **Die skeppinge is slegs die omvormde, afgevalle geestelike**.

Deur hierdie afval van God, dus 'n eindeloos verre verwydering van Hom, het hulle in hul substansie steeds harder geword, hoe vêrder hulle geval het. Dit moet so begryp word, dat die geestelike krag uit God, wat tot steeds lewendiger werksaamheid aanspoor, die geestelike nie meer kon aanraak nie, **omdat hulle hulself daarteen verset het**; **en so het die werksaamheid opgehou, die beweeglikheid het verstar, die lewe en wat agtergebly het, was volledig verharde substansie,** weliswaar oorspronklik krag wat deur God uitgestraal was, maar wat nou volledig onwerksaam geword het.

Maar God se Liefde en Wysheid het vir die geestelike oorspronklik 'n ander bestemming beplan: **Ononderbroke werksaamheid volgens Sy wil, wat egter terselfdertyd ook die wil van die wese moes wees**. Die geestelike wesens het in stryd met hul bestemming gehandel, hulle wou hul krag gebruik teen God se wil, maar hulle kon dit nie meer doen nie, **omdat hulle hulself deur hul afval van hul krag beroof het.**

Nou het God se Liefde weer die heeltemal verharde geestelike aangegryp, wie hulself nie meer herken het nie, wie slegs 'n saamgeperste konglomerasie van geestelike substansies was wat hul teen God verset het.

Die krag van Sy liefde het die substansies uitmekaar gedryf en laat daaruit **die mees veelsydigste skeppingswerke ontstaan**. Hy omvorm dus as te ware die krag wat eens van Hom uitgestraal het, Hy gee elke afsonderlike skeppingswerk sy bestemming, wat nou ook vervul word in die wet van "jy moet", sodat die opgeloste geestelike nou tot werksaamheid gedwing word, **maar sonder enige vorm van die ek-bewussyn, wat hulle voorheen as geestelike wesens besit het**.

Die skeppinge is dus eintlik niks anders as dit, wat in die allereerste begin van God as wese uitgegaan het, maar in volledig veranderde toestand wat sy volmaaktheid aanbetref. **Want alle skeppinge is of bevat slegs die onvolmaakte geestelike, wat op die terugweg na God is.**

Die volmaakte geestelike wesens het geen materiële skeppinge nodig gehad nie, hulle het vanuit hulself slegs hul idees en gedagtes voortgebring, maar dit is slegs geestelike produkte van hulle wil en hul denke en hul onbegrensde krag. **Dit was 'n wêreld waarin hulle hulleself *volmaak* bevind het**. Daarbinne het geen gebreke, geen beperkinge en geen tekortkominge bestaan nie. Want hierdie het eers na vore getree, toe die heelal, wat uit van-God-afgevalle-wesens bestaan het, sy onvolkome geestelike omhulsels nodig gehad het, waarin hulle gedwing was tot werksaamheid.

Waar hierdie of daardie vorme hulleself dus bevind het, is ook die onvolkome geestelike daarin verban en **hoe vaster die vorme was, des te meer verhard was die daarin gebonde gees se verset teen God**.

Maar ook die vorm self, wat uit die materie bestaan het, het uit sulke onvolkome substansies bestaan, wat slegs deur die krag van God se liefde bymekaar gehou was, om een doel te dien: **as draers van geestelike wesens om hulle te help om omhoog te klim**. Die krag van God se liefde het al die geestelike substansies omhul, maar het nie dwingend ingewerk op hulle nie, om dus nie hulle weerstand met geweld te breek nie.

Die skeppingswerk moet weliswaar 'n bepaalde werksaamheid verrig volgens God se wil, maar daarin word die geestelike nie gedwing om hulle tot God te wend nie. Daarom kon dit ook gebeur, dat 'n geestelike, wat behoort het aan 'n oerwese, die hele gang deur die skeppingswerke kon aflê tot by die laaste beliggaming as mens en tog nie die verset teen God opgegee het nie, omdat **sy vrye wil dit tot stand moet bring,** wat hy net so maklik weer op die meester van die duisternis kon rig.

Maar die voortgesette werksaamheid in dwangtoestand het meestal **'n vermindering van die weerstand teen God teweeggebring**, omdat die wesenlike reeds by die geringste selfwerksaamheid 'n sekere welbehae ondervind het, omdat 'n uiting van krag beantwoord het aan sy oerwese.

**Die ontelbare sterrewêrelde, met alle skeppinge wat daarin is, is die gevolg van hierdie toenmalige afval in die ryk van die geeste**. Hulle sal nog ewighede bestaan en daar sal steeds nuwe skeppinge ontstaan, om vir al die eens gevallene die weg van die terugkeer na God moontlik te maak. **Daar sal ewighede verbygaan,** voordat die werk van die terugvoering volbring is, totdat ook die laaste verharde geestelike homself sal oplos en die weg van die terugkeer kan betree.

Maar eenmaal sal al hierdie skeppinge vergeestelik wees, **eenmaal sal daar weer net 'n "geestelike wêreld" bestaan**, waar al die geestelike, in eenheid met die wil van God, werksaam en onvergelyklik geluksalig sal wees. Eendag sal God hierdie doel bereik het, dat Hy nie alleen "skepsele" nie, **maar "kinders" om Hom heen sal hê,** vir wie Hy die grootste geluksalighede kan berei, omdat Sy oneindige liefde Hom tot voortdurende gelukkig-maak aanspoor en Hom ook nie laat rus, alvorens Hy Sy doel bereik het nie. Amein.